

Media en Reklame Bediening

Met letterlike woord en daad word die krag van Evangelieverkondiging deur hierdie bediening versterk.

Met hierdie uitgawe wil ons twee van die vele fassette van hierdie bediening belig:


➤ Omgeejaar 2002

In die lig van die tema en die visie van die gemeente, is vanjaar meer klem gelê op die lidmaat en medebroer en -suster in die geloof. In hierdie verband word inligting oor gebeure met persone deur beeld, kleur en woord aan die gemeente oorgedra.

➤ Kassettebediening

Elke Sondag se preke word teen R10 per kasset aan gemeentedele beskikbaar gestel. Bo en behalwe die preekkassette, is ander klankkassette en videos vir uitleen beskikbaar.

Die volgende videos is beskikbaar:

Titel van video	Outeur / Samesteller
Die doop en die vervulling met die Heilige Gees	Adrio König
'n Gesonde gesin	F. Hugo
Huweliks: Hoe om "ordelik" te baklei	Dr. A. Mol
My kind – bou ek of breek ek?	Marietjie Claassen
Maksimum mikpunt vir selfbeeld	
In die voetspore van Jesus	
 Juwele van genade: 'n Lofsang aan God in beeld en klank	Groeikrag videos : Besprekings vir gemeentegroepe (sien bespreking hieronder)

Videos vir groei en omgee

Die Media en Reklamebediening poog deurentyd om geestelike groei te stimuleer deur praktiese Christenskap in woord en lied aan die gemeente beskikbaar te stel. Die kassettediens word met groot waardering deur gemeentedele, as individue en in 'n groep benut. Die behoefte het egter ontstaan videos as deel van groepsbesprekings in te span. Om hierdie rede is die volgende videos aangekoop en word tot voordeel van die gemeente beskikbaar gestel.

Groeikrag 2

Die inhoud van hierdie video is saamgestel om in veral gemeentegroepe gebruik te word. Temas wat gesprek en nadenke ontlok sluit die volgende in:

- ◆ Familie gee vir mekaar om

- ◆ Waarom gebeur slegte dinge met God se mense?
- ◆ Geniet die erediens
- ◆ Kan ons asseblief Kersfees terugkry?

Hoewel hierdie reeks op groepgebruik gemik is, kan dit ook tot seën wees vir die enkellopende en gesin.

Groeikrag 3

Hierdie video is veral op die jeug gemik deur die volgende temas wat aandag geniet:

- ◆ Verstaan tienerstres en groepdruk
- ◆ Vergewe en lewe
- ◆ Selfbeeld in fokus
- ◆ Geniet jou Bybelstudie

Die handleidingsboekie wat met elke video voorsien word, gee duidelike leiding oor die sinvolle gebruik van die video. Die doel van elke tema word ook met gepaardgaande Bybelgedeeltes omskryf.

Groeikrag 4

Die groeikrag in hierdie video lê op 'n praktiese vlak as deel van "Christen-wees in aksie". Die video sluit vier temas in waaraan onderskeidelik 6,8, en 12 minute afgestaan word. Die volgende temas geniet aandag:

- ◆ Vat konflik vas
- ◆ Eerlikheid
- ◆ Hoe om 'n sieke by te staan
- ◆ Praktiese kinderopvoeding

Groeikrag 5

Die gebed, om God waarlik as man en vrou te dien asook die sakramente in die gemeentelik kring is van die belangrike aspekte wat in hierdie video aandag geniet. Die temas word soos volg verwoord:

- ◆ Doop en nagmaal: tekens van genade
- ◆ Here, leer my bid
- ◆ Mans na God se hart
- ◆ Vrouens na God se hart

In die voetspore van Jesus – 'n musikale belewenis

Die onderskrif vir hierdie video lees " 'n musikale herdenking van die lewe van Christus". 'n Tiental Christen-sangers van *Maranatha Platemaatskappy* het singend die voetspore van Jesus in Israel gaan volg en met hierdie unieke produksie van byna 'n uur, as resultaat teruggekeer. Die video kan beskryf word as 'n musikale toer saam met Jesus Christus tydens sy aardse lewe. Daar word bewonderend gesing oor Jesus se geboorte en sy begeerte as kind om die wil van sy Vader te doen. Verder word musikaal berig oor Jesus se prediking, sy kruisiging, opstanding en ook sy komende Hemelvaart. Die kyker kan die wonder van God die Seun se menswording deur beeld en klank

Die groot mate waarin hierdie diens in die gemeente benut word, is werklik 'n riem onder die hart.

'n Ode aan al die eksamenskrywendes in 2002!

Hier in Pretoria word eksamentyd altyd met Jakarandatyde geassosieer; al val die blom dan nie op die kop nie of gee die pers bletse jou hooikoors, kan ons altyd die vreugde van nuwe uitdagings en die sonskyn van elke nuwe dag steeds ervaar. Ek dra graag weer een van my gunstelinge aan elkeen van julle in hierdie tyd op:

*Dis Oktober, byna November
Leipoldt besing dit as die
mooiste, mooiste maand....*


*Pers bletse smeer die bloeiseldrag van hierdie
seisoen op die klam teepad af - tog
bly die blotse skrilheid 'n vasvangpunt
in hierdie kitsch tyd van meeloop en inwees.*

*Voorheen sou ek wegkyk van die persheid;
eerder die groen wou raaksien en dit
met albei hande wou vasvat Dit myne maak
deur met wit en appelkous te bespikkel;
totdat groter kwashale alles toegeverf het om dit skitterwit te laat triomfeer!*

*Maar nou, kyk ek met nuwe oë na die trompettemars in persgevormde tuitjies -
en ek wil meedoen om hierdie seisoen luidkeels van minarette uit te basuin:
“Dis Jakaranda- vreugdetyd in ons pers stad, Pretoria” (cb)*

Nota:

Die gemeente dra elke lidmaat wat tans eksamen skryf in gebed op vir goeie insig, kalmte van gees en sukses.



Erediensbediening

Erediensbediening



Liturgiese aspekte, die algemene gang van die erediens, estetiese bykomstighede, sang en musiek is maar 'n paar van die aangeleenthede waarna hierdie bediening moet omsien. Dit gaan werklik daarom dat elke lidmaat hom/haar van die warm handdruk en verwelkoming by die deur eie moet voel in die diens. Sr. Winnie Lourens koördineer hierdie diens deur te sorg dat elke persoon hartlike verwelkom word. Deel van die omgee vir elke persoon in die erediens is te sien in die kanselklede, die muurbehangsel en treffende blommerangskikkings voor die kansel. Tertia Dorfling sien toe dat hierdie estetika van die kerkruijnte toepaslik verfraai en benut word.

As deel van die werksaamhede van die Erediensbediening was dat in samewerking met Media en Reklamebediening die ou letterbord vervang is met die pragstuk wat nou op die hoek van Ben Swart en 16de Laan daaglikse geestelike versterking bied.

Sang en musiek was nog altyd 'n inherente deel van Rietfontein –Suid - vir baie is ons "die singende gemeente" met 'n hart om lof aan God te bring. Die volgende persone doen die koördinering van sang en musiek:

- ❖ Kooraktiwiteite - Chris Goosen
- ❖ Voorsang – Karin van Schalkwyk
- ❖ Orrelis / begeleiding – Neels Boonzaaier

In samewerking met die twee dienende leraars ds. Ernest Rischmüller en ds. Leon van Heerden, tree Tom Rademeyer as voorsitter van die bediening op. Hierdie bediening dra die werksaamhede van die gemeente Sondag vir Sondag – dankie!